

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

PJ Kriel

Dankdag vir reën

06.01.2019

Inhoud In hierdie preek word gewys dat God besig is waarmee Hy as Skepper besig is en gelowiges besig is waarmee God die Vader se kinders besig moet wees. Gelowiges hou hulle besig met dit waarmee kinders van God hulle moet besig hou, die goeie werke waarvoor God hulle al in hulle DNA's voor voorberei het. Hierin het God die persoon en talente in hulle vasgelê vir hulle bestemde werke en hiervoor het Jesus Christus hulle weer reg gemaak. Gelowiges hou hulle besig met goeie werke, die geregtigheid van God se koninkryk, omdat hulle God vertrou om met die sorg en voorsienigheid besig te wees waarin Hy as Skepper vir hulle sorg. Goddeloses en afgodsdienaars hou hulle nie besig met die lewe waarvoor God mense gemaak, en deur Christus voor reg gemaak het nie. Hulle hou hulle besig met dit waarmee God besig is, sy voorsorg en voorsienigheid vir sy skepping. Dit maak hulle ingestel op kos, drank en klere, dit is materialisme, en nie ingestel op die diensbaarheid van goeie werke vir God nie.

Lied 457 2. Lied 267

Skriflesing Matteus 6: 19 – 34; Efe. 2: 4 – 10.

Teks Matteus 6: 33 Maar soek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. .

Tema: Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het.

1. Die Here se sorg maak ons mense wat ons self besig hou en toe lê op die goeie werke waarvoor die Here ons geskep het. Dit is die openbaring van Mat. 6: 33 – ons kan en moet besig wees met die dinge waarmee God se kinders besig kan en moet wees, omdat God ons Vader besig is met die dinge waarmee Hy as Vader vir ons besig moet wees.

Ons kan die inhoud van hierdie openbaring met 'n voorbeeld toelig van waarmee versorgde kinders hulle self mee besig hou, teenoor dit waarmee onversorgde kinders hulle self besig hou. Ons sien hierdie lewenswerklikheid elke dag om ons af speel: die verskil tussen waarop onversorgde en verwaarloosde kinders hulle toelê en dit waarop versorgde kinders hulle self toelê.

Waarop lê onversorgde en verwaarloosde kinders hulle lewe toe?

Om vir hul self 'n tuiste te probeer skep waar hulle versorg en geliefd sal wees. Dit is hoekom hulle sommer van vroeg af reeds die begeerte het om net uit hulle huis en van hul ouers af weg te kom. Want hulle wil hulle self bevry van die verwaarloosing van gebrek aan kos, skoolgeld, behoorlike klere en 'n eie huis met water en krag, en van die liefdeloosheid waarin hulle eintlik net daar is vir die ouers se geluk.

Daarom wil hulle so gou as moontlik uit die skool uit kom en begin werk vir geld. Want hulle glo as hulle self kan geld verdien, kan hulle vir hulle self beter sorg as wat hulle ouers vir hulle sorg, kan hulle self sorg vir die kos, klere en behoorlike huisvesting wat hulle ouers nie aan hulle kan voorsien nie. Wanneer hulle self geld kan verdien kan hulle mense kry wat vir hulle lief sal wees.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

Om uit die skool te gaan is vir hulle 'n magsdaad. Dit is die magsdaad waardeur hulle die bevoegdheid en krag van hul ouers, hulle eie bevoegdheid en krag maak om hul self te versorg. Dit is 'n magsdaad om as kinders hulle self grootmense te maak.

2. Waarop lê versorgde kinders wat staatmaak en seker is van hul ouers se voorsiening van wat hulle as kinders nodig het, en hulle kinders lief het hulle self toe?

Hulle lê hulle self toe op dit waarop kinders moet fokus: om goed te doen in hulle sport, om hulle self deur hulle skoolwerk te bekwaam vir die beroep wat hulle al in hulle gemoed oorweeg en aan dink, en hoe om aan hulle ouers gehoorsaam te wees.

Oor kos, klere en huisvesting, en ook oor liefde is hulle nooit bekommerd nie, want dit voorsien hulle ouers. Hulle het geen behoefte om met 'n magsdaad die bevoegdheid van hul ouers oor te neem nie. Hulle wil nog vry kinders en tieners wees en nie grootmense wees nie. Inteendeel, hulle wil graag word wat hulle ouers vir hulle bewerk en voorberei het deur hulle sorg: kinders wat hulle volle potensiaal ontwikkel en al hulle talente kan ontgin vir die geleenthede van die lewe

Dit is die verskil! Kinders wat vir hul self ouers moet wees, onversorgde kinders wat hulle self toelê om hul self te versorg en liefde te kry met die mag van 'n volwassene, maar daardeur kan hulle hul self nooit toe lê om hul talente en potensiaal as kinders te ontwikkel nie en nooit iets maak van die geleenthede wat die lewe hulle as kinders bied nie, ook nie hoe om gehoorsame en liefdevolle kinders te wees nie. Om besig te wees met jou talente, geleenthede, liefde en gehoorsaamheid aan jou ouers, is wat versorgde kinders kan doen!

Kinders mag nooit die magsdaad uitoefen om die bevoegdheid van volwasse sorg hul eie mag te maak nie. Hulle mag nooit selfversorgers word teenoor afwesige ouers nie. Kinders moet nie volwasse magte kry nie, hulle moet versorg word sodat hulle die goeie werke kan doen waarvoor hulle voorberei is.

3. Soek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid!

Hierdie is maar een van net 5 plekke in Matteus waar Christus se koningskap die koninkryk van God genoem word. In die res van die evangelie word dit deurlopend die koninkryk van die hemele genoem. Dit is om 'n baie spesifieke rede. Dit wys dat die Here Jesus se koninkryk is nie 'n magsryk van en vir mense nie, maar die genadeheerskappy van Christus oor die God die Vader se kinders.

Wat hierdie nuwe manier is waarop die Here ons regeer en die geregtigheid van hierdie nuwe koninkryk is, sien ons deurlopend in die Matteus Evangelie. Kom ons kyk na 'n paar van hierdie fokuspunte!

Hoe begin 'n koning om sy koninkryk op te rig en te regeer. Dit is die besondere van die begin van Christus se koninkryk. Christus laat Hom as sondaar doop in die plek van sondaars deur Johannes die Doper in hoofstuk 3 met die spesifieke aankondiging dat Hy deur sy doop as sondaar, geregtigheid vir sondaars vervul.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

(Mat.3: 15) Die geregtigheid van sy koninkryk is die geregtigheid wat Hy gewerk deur as sondaar in sondaars se plek gedoop te word. So begin en rig Christus sy koninkryk op.

Die Bergrede waarvan ons gelese teksgedeelte deel is, begin met die aankondiging van die Here dat jy net in sy koninkryk kan ingaan as jou geregtigheid meer is as al die bekeerde vroom mense van hierdie wêreld, dit is die Joodse skrifkenners en Fariseërs. Geen mens kan self meer bekeer en vroom as hulle wees nie, maar juis daarmee wys die Here dat jy nie met jou bekerings, vroomheid en toewysings in sy koninkryk kan ingaan nie. Jy kan net ingaan in sy koninkryk met die geregtigheid waarby Hy jou insluit wat Hy met sy doop vir jou bewerk het. Jy gaan in sy koninkryk in met die geregtigheid wat die Here vir jou gee omdat Hy jou sondes vir jou is en jy sy geregtigheid met Hom deel.

Hierdie geregtigheid is ook dit wat die Here met die instelling van die Nagmaal aankondig in Matteus 26: 26 – 28. Sy bloed, sy dood as sondaar in ons plek, maak ons deel van die nuwe verbond waar die Here ons vir sy liefde en goedheid regmaak, deur ons in te sluit in sy gehoorsaamheid in ons plek.

Dit is hoe Jesus volgens Matteus 28 met alle mag God met ons is: Hy laat ons in sy volle liefde deel deur vergifnis van ons sonde en laat ons gebroke liefde vir Hom altyd vir Hom volkome liefde wees. Dit is hoe Christus as koning ons vir God se liefde en diens regmaak! Dit is waarop kinders van God die Vader ingestel en gefokus moet wees in hulle lewe.

4. Paulus verbind in Efesiërs 2:10 hierdie liefde van en vir God uit genade, direk met hoe God die Vader ons geskep het in ons moederskoot met die woorde: “Van Hom is ons immers ’n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het.”

Paulus stel dat ons saam met Christus lewend gemaak is (2: 5). Dit beteken presies dieselfde as wat Matteus stel: ons kan nou in God se liefde leef en Hom liefhê met die innerlike sekerheid dat Hy ons en ons lewe vir Hom reg en goed laat wees deur Christus.

God het ons geskep deur ’n DNA molekule wat Hy gevorm het waarin Hy ons lewe, persoon, karakter en talente vasgelê het vir die goeie werke waarvoor Hy ons in sy skepping wil gebruik. Omdat Christus ons sonde wegvat en ons lewe vir God regmaak en reg laat wees, met al ons oortredings en gebreke, kan ons ons self weer toelê op, gefokus wees op en besig wees met ons lewenstake vir God.

Vir elkeen van ons beteken dit om met die persoon en talente wat die Here ons mee gemaak het in ons DNA, die geleenthede tot diensbaarheid en werksaamheid sal opneem in die geloof dat ons dit in sy liefde doen en dat ons werke vir Hom goeie daade is. Hierdie daade is alles waarmee ons elke dag mee besig is as mense.

5. Kinders ingestel waarop kinders gefokus moet wees en kinders besig met dit waarmee kinders moet besig wees!

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

Dit is wat die Here se woorde beteken: soek bo alles die koninkryk van God en sy geregtigheid. Wees ingesteld op en besig met dit waarmee kinders van God op gefokus en besig mee is!

Net soos kinders wat deur hulle ouers versorg is en al die liefde ontvang wat hulle nodig het, kinders is wat besig is met hulle sport, skoolwerk, loopbaan en gehoorsaamheid, net so is kinders van God besig met die goeie dae waarvoor God hulle in hul DNA mee voorberei het en deur Christus vir hierdie goeie werke lewend gemaak is.

In hierdie geloof is elke plig en taak in die gewone lewe 'n koninkryksaak: ek leef in die liefde van my Vader besig met die werke waarvoor Hy my gemaak het en my voor voorberei het op sy wyse dat ek weet Hy laat my lewe en werke vir Hom goed wees.

Hierdie sin, “Soek bo alles na God se koninkryk en sy geregtigheid” kan nooit beteken dat ons as skuldige verlore sondaars eers na God se liefde moet soek en eers tot bekering moet kom, voor Hy vir ons sal sorg nie. Dan beteken dit mos niks anders dat ons as kinders sonder liefde en sorg self God se liefde en sorg eers moet gaan soek en kry nie, en dit beteken mos dat ons moet besig wees met dit waarmee onversorgde kinders hulle besig hou nie: selfversorging!

6. Daarom moet ons goed begryp wat bedoel die Here met die tweede deel van hierdie sin: “en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”

Die eerste saak wat ons hier moet raaksien is oor watter dinge is dat wat bygevoeg word?

Alles waaroor onversorgde kinders hulle self moet bekommer: wat gaan ons eet, wat gaan ons aantrek en wat gaan ons drink? Want niemand sorg daarvoor nie!

Hierdie ingesteldheid is 'n ingesteldheid net op oorlewing, net dit wat nodig is om nie van honger en dors dood te gaan en naak verneder te leef nie. Dit gaan dus oor alles waarop mense ingesteld is in 'n lewe waarin dit net nog om oorlewing gaan – 'n oorlewingsbestaan.

Die tweede saak wat ons in hierdie sin moet raaksien is die betekenis van die woorde “bygevoeg word.”

Die woorde kan glad nie binne hierdie teksgedeelte só verstaan word nie: eers wanneer jy tot bekering kom, eers wanneer jy jou sondes los en reg begin leef, eers wanneer jy 'n kind van God word, sal God vir jou begin sorg met kos, water en klere. Nog minder kan hierdie sin beteken dat hoe meer jy van die koninkryk kry en hoe meer geregtigheid jy kry, hoe meer sal God jou met die gawes van die lewe versorg nie.

7. Hierdie sin stel 'n totaal ander kontras aan die orde: die kontras waarmee kinders van God hulle moet besig hou omdat God besig is met alles waarmee God besig moet wees.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

Dit wys die Here duidelik uit met die twee voorbeelde wat Hy in hierdie teksgedeelte stel, die wyse waarop God voëls versorg en die wyse waarop God aan blomme hul skoonheid voorsien.

God sorg vir die voëls van die hemel om elke dag kos te hê.

Vir hierdie daaglikse versorging voorsien God voorsien 'n hele ekologie wat Hy as God oor miljoene jare opgebou het, bedryf en in stand hou. Van elke grassaadjie tot en met elke vorm van vorm van insektelewe In soveel oorfloed en met soveel konstante ritme van miljoene jare, dat voëls as deel van die dierelewe kon ontwikkel en elke dag nog gevoed word uit die ekologie wat God bedryf.

Voëls kan nooit selfversorgend wees nie voorsienend wees nie. Hulle leef uit God se voorsorg. God sorg omdat Hy alles oor miljoene jare voorsien vir wat vandag nodig is.

8. God se skepping is egter veel meer as net 'n voedselketting van wie eet vir wie.

God is elke dag ook besig om sy skepping met 'n skoonheid te beklee waarin Hy as argitek en ontwerper verheerlik word. Die prag van blomme wys dat God nie sy skepping net 'n plek van oorlewing maak nie, maar ook 'n plek van heerlikheid.

Alles mag nie net maar bestaan nie. Die luisterykheid van hoe hulle somer net is wat hulle is, is deel van hoe God Homself as beeldhouer in en deur sy skepping verheerlik.

Blomme voorsien nie aan hulle self skoonheid en heerlikheid nie. Dit is God wat skoonheid en heerlikheid aan sy skepping voorsien in sy raadsplan met sy skepping. Dit is wat die Here ook hier openbaar oor sy sorg: Hy sorg nie net vir kos nie, maar voorsien ook die heerlikheid en luisterykheid van sy skepping.

Hy ontwerp elkeen en alles wat Hy maak om deel van die heerlikheid en skoonheid van sy skepping.

9. In hierdie twee voorbeelde wys die Here wat beteken sy spreuk “al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”

Sy kinders moet en kan hulle besig hou waarmee sy kinders hulle in sy skepping moet besig hou, want Hy as God is besig waarmee die Skepper van die Skepping besig moet wees. Hy is sorgsaam en voorsienend besig om sy skepping te onderhou!

In sy sorg en voorsiening as God is sy skepping en ook sy kinders nooit selfversorgend en selfvoorsienend nie. Ongeag wie en wat hulle is, is God in elk geval besig om Gog te wees vir sy skepping – versorgend en voorsienend.

Dit het ons hierdie week weer in die oorvloedige reën wat ons van die Here ontvang het gesien. In hierdie reën sien ons hoe God kos voorsien en die veld en ons gewasse met blommeprag versier.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

In hierdie reën sien ons hoe God besig is om God te wees vir sy skepping. Sorgsaam en voorsienend bestuur Hy die seestrome van al die oseane, die lugdrukstelsels oor die hele aarde, die wisseling van dag en nag deur die rotering van die aarde, die wisseling van seisoene deur die beweging van planete, die wisseling van warmte en ystydperke deur die kanteling van die aarde en die hoog en laagwaterstelsels deur die krag van die maan.

Dit alles is God mee besig op so 'n wyse dat Hy ons met reën versorg en so kos en klere verskaf.

10. Daarom kan ons as sy kinders ons besig hou met dit waarmee kinders van God hulle moet besig hou: ons moet besig wees met die koninkryk van God en sy geregtigheid, want God is besig met sy voorsienende sorg.

Ons moet besig wees met die goeie daade waarvoor God ons in ons DNA's voor voorberei het. Met planne, toewyding en ywer besig wees:

- met alles wat ons beroepe van ons eis.
- met alles wat ons gesinne en familie van ons eis
- met alles wat ons gemeenskap van ons eis
- met alles wat ons land en burgerskap van ons eis.

Die wyse waarop ons met ons bestemming besig is, is in liefde tot en gehoorsaamheid aan God, biddend en bekerend. Dit is waarvoor Jesus Christus ons voorberei het. Ons goeie daade is ons liefde vir God. Ons doen ons werk waarvoor ons gemaak is, in gehoorsaamheid aan God. Ons doen ons werk biddend want ons soek in alles wat ons doen die wil van ons Vader, en ons doen dit bekerend, want waar ons sonde doen in dit waarvoor ons gemaak is, keer ons altyd terug na die bedoeling van God met ons lewe.

In die vaste sekerheid dat God besig is waarmee Hy as Skepper moet besig wees om sy skepping te versorg, is ons besig met dit waarmee God se kinders besig is.

Dit is net soos ons voorbeeld: kinders wie se ouers sorg vir dit waarvoor ouers moet sorg, is kinders wat besig is om te doen wat kinders moet doen!

11. Alle afgodsdienste van hierdie wêreld, ook die afgodsdienste wat hulle as Christelik voordoen, verdraai die hele bedoeling van ons goeie werke as kinders van God.

Die Here wys dit in hierdie gedeelte uit deur te stel dat ons mag nooit begaan wees waarop heidene begaan is nie. Hulle is nie besig met die goeie werke waarvoor God hulle voorberei het nie. Hulle is besig om eie magtig vir hulle self te sorg, om eiemagtig selfvoorsienend en selfversorgend te wees.

Hulle is besig om hulle besig te hou met dit wat God mee besig is in die ongeloof Hy is besig om hulle te verwaarloos en nie na hulle te kyk soos 'n Skepper na sy skepping moet kyk nie. Daarom doen hulle wat verwaarloosde kinders doen. Hulle bemagtig hulle self met die krag en mag van God, nes verwaarloosde kinders hulle self bemagtig om grootmense te wees.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

Heidene soek nie diensbaar en wil hulle nie besig hou met die goeie werke waarvoor God hulle voorberei het nie. Hulle wil hulle besig hou om mag oor God se skepping te kry om selfversorgend en selfvoorsienend te wees. Dit doen hulle of deur afgodsdienste of deur goddeloosheid.

In afgodsdienste maak hulle gebed, bekering en gehoorsaamheid aan God magte waardeur hulle hul self bemagtig om selfversorgend en selfvoorsienend te wees. Gebed, bekering en gehoorsaamheid aan God is vir hulle 'n mag waarmee hulle dit kan laat reën, goeie oëste kan verseker, plunderaars kan afweer en goeie winste mee kan verseker. Met gebed doen hulle alles wat God sonder ons gebede in elke geval voor sorg, omdat dit is wat 'n Skepper met sy skepping doen.

Vir hulle is gebed, bekering en gehoorsaamheid nie meer die wyse waarop kinders van God net besig is met hul dienswerk waarvoor God hulle gemaak het nie. Vir hulle is kragte en magte om dinge vir jouself te kan bewerk wat God nie mee besig is nie.

In hulle goddeloosheid verander hulle ook die bedoeling van die bestemming waarmee die Here ons in ons DNA's ons voor gemaak het. Hulle maak menslike talente die krag vir hulle godlose selfvoorsiening en selfversorging sodat hulle God en sy sorg nie meer nodig sou hê nie.

12. In die reën van hierdie week het God hierdie afgodsdienste en goddeloosheid ontmasker. Dit sien ons in die tweede kontras in hierdie tekswoord.

Ons moet ons nie oor die dag van more bekommer nie, ons moet ons besig hou met elke dag se bekommernisse.

Dit is seker een van die grootste misgissings wat die geestelikheid van hierdie wêreld dat die Here in hierdie gedeelte 'n kommersvrye lewe sou bewerk vir Christene. Dit is die afgodsdienste wat ons elke dag hoor: as jy reg bid, reg bekeer en reg gehoorsaam is, dit is, as jy met geestelike dinge besig is, dan hoef jy jou nie oor aardse dinge bekommer nie. Op hierdie wyse is geestelike dinge die dinge wat jou 'n kommersvrye lewe waarborg in hierdie wêreld.

Maar dit stry teen die kontras wat die Here hier stel: moet jou nie oor more bekommer nie, wees met vandag se bekommernisse besig! Dit beteken moet jou nie bekommer oor God se sorg en voorsienigheid waarmee Hy alreeds met die dag van more en vir miljoene jare vorentoe besig is nie, bekommer jou oor jou die geregtigheid van God se koninkryk vir vandag, die goeie werke waarvoor God jou gemaak het, vir hierdie dag waarin jy nou met goeie werke moet besig wees!

Wie God vertrou om God te wees, kan besig wees waarmee kinders van God besig is, vandag se take en roeping, vandag se geregtigheid! Wie God vertrou om God te wees kan nie bekommerd wees oor waarmee God Hom vir more en die toekoms mee besig hou nie, sy sorg en voorsienigheid nie.

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

13 Met hierdie reën het God werklik weer die verskil tussen waarmee sy versorgde kinders mee besig is en waarmee in hul ongeloof en goddeloosheid glo hulle sorg vir hulle self aan die orde gestel.

Dit gaan oor die verskil tussen om bly te wees teenoor om dankbaar te wees!

Goddeloses is bly oor die reën want hulle verklaar net: “Dit het lekker gereën”, soos dit nou maar in die natuur volgens hulle lekker moet reën. Hulle is bly dit het lekker gereën want nou kan hulle weer hulle volgens hulle eie geloof selfversorgend en selfvoorsienend wees met die krag van hulle wetenskap en tegniek. Dit is met dit wat God eintlik in hulle voorberei het om met goeie werke vir Hom besig te wees

Bygelowige is bly dit het gereën want dit bewys vir hulle dat hulle reën uit die hemel kan afbid, reën kan maak met hulle bekerings en self vir reën kan sorg met hul vroom en geestelik hulle kan leef. Hulle sien in die reën die bevestiging van die krag van hulle geestelikheid.

Kinders wat besig is met die dinge van God! Met die krag en mag van God om te voorsien en te versorg soos God alleen kan voorsien en sorg.

Wat het ons as gelowiges in ons harte gedoen toe dit hierdie week so hard en deurdringend begin reën het? Met diepe dankbaarheid het ons die Here gedank! Met elke reënvlaag het ons net weer God ons Vader gedank. En wat gaan ons nou na die reën doen? Ons gaan ons nou besig hou met dit waarmee kinders van die Here hulle moet besig hou – ons gaan besig wees in ons beroepe en families met die goeie werke waarvoor die Here ons voorberei het.

Uit ons geloof dat God besig is met wat Hy as Skepper elke dag moet besig wees, om ons as sy skepping te versorg en voor te voorsien, is ons as sy kinders gefokus en ingestel op die goeie dae waarvoor Hy ons gemaak het.

14. Ek wil graag vir u met 'n gedagte afsluit oor wanneer hou mense wat hulle op om te bekommer oor kos, drank en klere.

Ons dink dit is net ryk mense wat hulle ophou om oor kos, drank en klere te bekommer, want om jou hieroor te bekommer is mos iets waarmee arm mense hulle moet besig hou.

Dit is ver van alle waarheid af. Ryk mense bekommer hulle of hulle ooit regtig die 1940 oesjaar se rooiwijn in die hande sal kry, of hulle ooit die spesiale kosse waarmee hulle vir hulle self 'n lang lewe wil bewerk soos bessies en spesiale blare in die hande sal kry en of hulle ooit daardie besondere pak klere, rok of skoene sal kry wat jy net by enkele spesiale ontwerpers kan kry.

Selfversorgend, selfvoorsienend besig om hulle te bekommer oor kos, drank en klere, want materialisme is nie 'n houding net vir armes nie!

Net so is armoede geen krag wat mense verplig om nie bo alles ingestel te wees op God se koninkryk en sy geregtigheid nie. Arm mense leef ook in die vreugde dat

Omdat God sorg kan ons ons self toelê op die goeie werke waarvoor Hy ons voorberei het

hulle besig is met die goeie werke wat God vir hulle voorberei het terwyl hulle God as hul Vader vertrou vir sy sorg en voorsienigheid.

In ons geloof in Jesus Christus is arm en ryk besig met dit waarmee kinders van God die Vader besig moet wees, en hou arm en ryk hulle nooit op met dit wat hulle weet God voor sorg nie!

Kom ons dank God vir sy sorg en voorsienigheid wat ons hierdie week in hierdie oorfloedige reën ontvang het en kom ons gaan hou ons besig met die goeie werke waarvoor God ons gemaak het.

Elkeen van ons!